Sesde uitgawe - 2014

Koeda

Pretoria Bonsai Kai

The word Koeda is Japanese and means: 'Graceful branch'. It is pronounced Ko-eda.

- **Pretoria Bonsai Kai bestuur:**
- Voorsitter – Org Exley 082 809 2037
- Onder voorsitter – Francois van As 074 6011847
- Tesourier - Daan du Toit 012 567 2520
- Sekretaresse – Marianne Erwee 083 377 7893
- Skakelbeampte—Christa Vermaak 083 388 4736
- Addisionele lede : Otto Koekemoer, Martin Kruger, Johan Els, Jaco Kriek

Enige idees, artikels of terugvoering rakende die nuusbrief kan gegee word aan Jaco Kriek by: jaco.kriek@aurecongroup.com

In hierdie uitgawe

Van die redakteur	1
Briewe bus / vra is vry	2
Klippe	4
Vergadering 1 November	9
Climbers as bonsai	14
BRAT vergadering 29 Nov	19
Vergadering van 6 Des	20
Snippets	22
Bonsai Kalender	23

Van die Redakteur.

Beste bonsai vriende

Ek sit hierdie en skryf uit Bangkok en sal seker ook die Koeda vir jou van hier af stuur. Ons leef in die elektroniese era en dit is wonderlik as mens dink wat gedoen kan word met interrnet, e-mail, Lync, sel fone, wattsapp ens. Ons is bitter vêr van mekaar maar kan kontak hou met dmv bogenoemde metodes.

Maar ons leef ook in 'n tyd van hard werk, baie besig wees, gedurig onder druk werk en dit als veroorsaak dikwels dat ons gestres is. Ek lees in die Sarie van Sept 2014 die volgende: "Gestres? Net 15—20 minute saam met jou hond of kat gaan jou heelwat kalmer laat voel. Jy kan selfs net visse wat swem dophou vir dieselfde uitwerking. Jou lyf ondergaan dan meetbare veranderinge wat jou bui beinvloed. Die vlakke van kortisol, die hormoon wat met stres verband hou, verlaag. En serotonien, die liggaam se natuurlike goedvoel-chemikalie, verhoog."

Wanneer ek die lede profiel doen (wat ek ongelukkig nie hierdie keer kon doen nie) sê meeste lede gewoonlik hulle geniet bonsai veral omdat dit hulle laat ontspan. Ons boompies is dus dieselfde as troeteldiere. Nog 'n manier om te 'ontstres' is om te rus, en dit is wat meeste van ons hierdie tyd van die jaar doen.

As jy kersfees vier en dankbaar is vir Jesus se koms na die aarde, geniet die wonderlike tyd. Vir almal wens ek 'n wonderlike rustyd saam met familie en vriende toe. Gebruik die tyd saam geliefdes, en jou boompies, en ontstres!

Bonsai groete

Jaco

Briewe Bus / Vra is Vry

Baie dankie vir die Koeda nuusbrief.

Ek het ’n maand gelede 'n bonsai boek gaan koop maar hierdie nuusbrief het 100 maal meer inligting! Weereens baie dankie.

Ek het nou eers begin met bonsai en het ’n paar boompies wat nog glad nie na bonsai lyk nie.

Ek sal graag by julle klub (?) Kai wil aansluit.

'n Ander storie, ek het nou eers gehoor van Theuns Roos. Ek is 'n Vrystater uit Bethlehem se wêreld, en bly nou in Pta Noord, en my pa was ook in WWII in Italië.

Hier is een van die uitstalling boompies, ek dink Theuns s'n wat ek in 'n foto gebruik het.

Piet Roos

Red: Ons weet dat die Olien woud wat Piet hier regs gebruik het aan Erika Kohler behoort.

DANKIE !!

’n Woord van dank aan elke lid wat hierdie afgelope jaar gehelp het om die Koeda die sukses te maak wat hy is. Veral aan persone soos **Pieter Loubser** wat elke maand ’n insiggewende artikel geskryf het, **Francois van As** vir sy Bonsai Kalender, lede wat hulle huise en tuine oopgestel het sodat die lede profiel gedoen kon word, ander soos **Esther van Aarde** wat ’n hele klomp verslae oor byeenkomste geskryf het, almal wat briewe geskryf het, ander wat fotos van bome in die natuur ingestuur het, asook lede wat net ’n nota van dank of kompliment gestuur het oor die Koeda. Sonder julle sou die Koeda nie bestaan nie. As ek ’n naam uitgelos het wat erkenning verdien vra ek verskoning.

Ook ’n woord van dank aan al die lede wat demonstrasies, praatjies of die tip of the month gedoen het. Dit was van hoogstaande gehalte en die verslag daarvan was die lyf van die Koeda.

Jaco

Briewe Bus / Vra is Vry

Ek het hierdie nuusbrief (die grootste deel daarvan) saamgestel terwyl ek in Bangkok is. Ek moes by ons kantoor hier kom werk vir sewe weke. Om die waarheid te sê ek is steeds hier en vertrek weer terug na mooi Suid Afrika op Saterdag 20 Desember, so jy sal die Koeda seker ontvang terwyl ek nog hier in Bangkok is.
Ek het, wanneer ek bietjie af was, oor naweke probeer om bonsai op te spoor. Ek moet sê hier was minder as wat ek gedink het, of ek het net nie geweet waar om te soek nie. Ek het wel by drie geleenthede straat winkeltjies, of dalk stalletjies, gekry waar bonsai verkoop word. Die een veral het regtig indrukwekkende bonsai gehad. Ek wys so paar foto's van daardie stalletjie. Die drie groot bome wat hier onder alleen gewys word kos elk R50 000.00 Jaco.

KLIPPE - deur Dr Pieter Loubser.



Indien jy in bonsai belangstel, gaan jy agterkom dat klippe ’n rol in hierdie kunsvorm speel en daar is drie terreine van gebruik:

1. Om ’n bonsai te hê wat (a) oor of (b) op ’n klip groei en die twee is nie presies dieselfde nie.
2. Om ’n klip te hê wat as klip bewonder word, sogenaamde suiseki.
3. Om ’n klip te gebruik as deel van die landskap waarin die bonsai vertoon word en dit kan óók ’n vorm van suiseki wees.

Wanneer jy dus klippe versamel om te gebruik, moet jy weet welke vorm en grootte klip jy wil hê vir jou bepaalde oogmerk.

Bonsai op of oor klip: In hierdie twee gevalle groei die bonsai of geheel bo-op die klip of die wortels strek oor die klip na onder in die groeimedium in die houer in. In beide gevalle gaan dit beteken dat die klip redelik groot moet wees en ’n natuurlike holte (nis) moet hê waarin die boom groei of wortel geskiet het. Die foto hieronder (Ryan Neil van die VSA se boom) is ’n voorbeeld van planting op ’n klip, maar dis duister waarom ’n boom op so’n plat oppervlak sou ontkiem en groei. Miskien is daar ’n holte in die klip onder die stam.

’n Variant op hierdie tema is waar die klip as ’n skulpvormige houer gebruik word. Natuurlike klippe met so’n vorm is uiters skaars en gesog. Deesdae word die klippe nageboots met allerhande variasies van harse, gips en meer, soos die voorbeeld hieronder wat oorlede Rob Claussen geskep het.

Vervolg op bl 5

KLIPPE - deur Dr Pieter Loubser.

Dit is ook so dat uiterstes van kliphoogtes en passende bome geskep kan word. Ek wil nie die een wees wat hierdie skeppings moet versorg nie. Dit dien ook vir die volgende een wat in ’n plat houer geskep is.

Laasgenoemde voorbeeld is ’n vorm van suiseki.

En daar is pragtige voorbeelde van verstommende wortelgroei oor rotse, soos vervolgens gewys. Dis opvallend dat die rigting van die skeppings van regs na links is! Kyk mooi! Japanees!

Vervolg op bl 6

KLIPPE - deur Dr Pieter Loubser.

Die klip as uitstalstuk: Moontlikhede is legio, byvoorbeeld bloot weens vorm, nabootsing van ’n berg, menslike of dierlike vorms en meer. Soms word dit as bykomstige stuk naas ’n bonsai vertoon en is altyd op ’n eie staander. Soms het dit ’n holte wat water hou, soos ’n meer. Soms net ’n patroon in die klip.

Vervolg op bl 7

KLIPPE - deur Dr Pieter Loubser.

Sommige glad, ander ru. Watervalle in die rots. Veraf berge met plato's. Skeure in berge. Die verskeidenheid is onmeetbaar.

Vervolg op bl 8

KLIPPE - deur Dr Pieter Loubser.

Klip as deel van landskap: Soms word bonsai geskep om nie net met 'n enkel boom te spog nie, maar om dit deel te hê van 'n omgewing en dan gebruik ons klippe en ander kleiner plante. Die moontlikhede is weer legio. Kyk na die volgende fotos. Plat klippe. Hoë klippe. Suiseki. Sommer net 'n klip saam met die boom, nie dat ek altyd daarvan hou nie.

En as jy nie dink dat klippe verstommende materiaal is om mee te werk nie, dan weet ek nie.

Ek het nie 'n benul aan wie die skeppings in die fotos behoort nie, want dis opgetel op die genaakbare internet. Ek glo egter dat die eienaars dit geniet dat hul kunsstukke gebruik word om die stokperdjie mee te bevorder.

'n Klip kan natuurlik nie verander nie en dit het dus te make met jou geestesoog wat die karakter van die klip lees op jou manier en jy dit gebruik om jou eie visuele beelding te bevredig. En waarskynlik hoop dat ander persone dit met jou sal deel. Die probleem ingebed in die onveranderlike aard van die klip, is dat jy versigtig moet wees met die plant van 'n bonsai op 'n klip omdat die bonsai gaan bly groei en nie die klip nie! Daarin is 'n verdere les weggesteek want jy gaan leer hoe om 'n bonsai se groei te beperk en dit klein te hou vir so lank moontlik. Klein goedjies wat tel, gedurigdeur.

'n Mens het twee leeftye nodig om bonsai te waardeer. Die eerste een om daarmee kennis te maak en die tweede om jou skeppings te geniet. Dit is 'n enorme veld om in te delf en die juwele te ontdek.

Groete, Pieter Loubser

Vergadering van 1 November 2014

"Tip of the month" - deur Jaco Kriek

Jaco het gepraat oor 'n alternatief om blare te vermeerder en dus te verklein as om totale ontblaring te doen op bonsai. Bonsai is 'n illusie. Ons poog om iets wat klein is te laat lyk soos iets groot. Die klein bonsai boompie moet "lyk" soos 'n groot boom. Daar is klomp tegnieke wat gebruik word waarvan een is om baie en dus klein blaartjies te hê.
'n Baie bekende en gewilde manier is om die totale boom te ontblaar. Ontblaring veroorsaak dat by elke dormante ogie daar 'n nuwe takkie uitgroei en aan hierdie nuwe takkie is 'n paar nuwe blare. Jaco het die voorbeeld gebruik dat as een persoon aan 'n strooitjie drink sal hy al die 'kos' kry en dus goed kan groei. Wanneer daar 'n hele paar mense aan dieselfde strooitjie moet drink sal elkeen minder kry en die kos moet deel en dus nie dieselfde kan groei as die een persoon wat alleen drink nie. Dit werk dieselfde met blare aan 'n tak of stam. Hoe meer blare daar is hoe minder 'kos' het elkeen en dus is hulle kleiner.
Maar, om 'n boom totaal te ontblaar is 'n skok vir die boom en die versorging van so boom na ontblaring is baie 'tricky' en regtig net iets vir ervare lede. So boom is skielik sonder blare wat water opneem en fotosinteer. Hoeveel water gee jy dus? Gee jy te min kan die boom dalk 'n tak verloor of selfs heeltemal sterf. Gee jy te veel kan die boom ook skade kry of vrek want nou bly die wortels te nat (daar is nie blare wat water opsuig nie).
So, die 'tip' is om elke dag na jou boom te gaan en twee blare af te knip. Twee, asook elke dag was maar as gemiddeld gebruik. Indien jy 'n baie groot boom het kan jy meer blare elke dag afknip. Indien jy 'n klein boompie het kan jy een blaar, of een blaar elke tweede of derde dag afknip. Wat jy doen is dieselfde effek as ontblaring, net oor 'n langer tyd. By elke blaar wat afgeknip word word die dormante ogie stimuleer om te groei. En daar groei 'n nuwe takkie uit wat 'n paar blare aanhet en is daar dus meer blare wat kos moet kry en is die blare kleiner.
Hierdie manier vat wel baie langer om dieselfde effek te kry as totale ontblaring maar dit is heeltemal 'veilig'. Jou boom gaan nie in skok nie want hy weet eintlik nie eers dat hy twee of drie blare elke dag of twee verloor nie. En vir jou is die versorging van jou boom heeltemal normaal. Jy stres ook nie en gee net water soos gewoonlik. Oor 'n lang tyd en deur dit elke seisoen te doen kry jy 'n boom met baie takkies en dus baie blaartjies wat almal baie klein is omdat hulle die kos moet deel.

Leaf pruning achieves the same effect as pruning the other parts of the tree in increasing the number of small branches and leaves. In addition, it improves the sunshine and ventilation for young buds and small branches between the leaves to promote their growth.

Vergadering van 10 Mei 2014

Vergadering van 1 November 2014

Erika Kohler talked about the Japanese Elm, Zelkova serrata, and her experience with it. The usual Zelkova species used for bonsai is the Japanese Grey-bark Elm / Zelkova serrata, however there is no reason why any of the smaller leaved Zelkova species cannot be used.

The Japanese Elm make very delicate branching. Erika protects her Elms during winter as she found that the delicate branches can die back under severe cold. Leaves reduce very well. Erika feeds her Elms the same as all her other trees. In Erika's garden there is some beetle which loves to eat on her Elms. She removes them by hand. Erika repots in spring, just before the buds open.

Water daily especially during the hot months of summer. If necessary water twice a day and do not let the pot dry out or finer branches may suffer from die back. The Elm has very hard wood and branches should be styled before they become hard.

Erika does not cut larger branches but instead uses a small saw to saw them off. When you cut them the bark can easily tear off. She then hollows the cut out slightly and put some cut paste on the wound. Wounds callous over very well. Erika never defoliates, the leaves reduce in size by regular pruning. Elm grows very easy from cuttings.

The Elm is suitable for just about all styles of bonsai.

Erika then demonstrated on three trees which she grew in the ground in her garden. The first was a tree she was styling in a broom style. Erika said that if you take a tree out of the ground and you must cut the branch, always cut a bit higher than where you actually want the branches to grow from. She found that there is often some die back at the point where it was cut and that branches then grow from below.

Continue on pg 12

Vergadering van 1 November 2014

Erika het net die heel boonste takkies gelos wat die raam gaan word vir haar besem styl. Sy draai 'tape' om hulle so-dat hulle nie na die kant uitgroei nie en ook nie dik uit-groeisel maak nie. Sy wil hê hulle moet eers na bo groei en daarna na die kant. Sy sal nou hierdie takkies laat groei en dan terugsny, dan weer uitgroei en terugsny en so aan. Regs is die boom wat nou 'n langtermyn projek is. Ons weet dat hierdie "stomp" die potensiaal het om weereens een van Erika se spog bome te word.

Erika het toe aan 'n dubbelstam boom gewerk.

Sy het eers die dik takke afgesaag. Wat die Elm doen is om 'n hele klomp takkies vanaf dieselfde punt te maak. Erika sê jy moet een kies en die ander verwy-der.

Sy hou daarvan dat die laagste tak van haar boom aan die kortste van die twee stamme is. Sy het so takkie gelos. Dan het sy ook al die takkies wat na binne groei verwyder. Daar was ook 'n sterk tak wat na voor was wat sy verwyder het.

Erika beplan in die toekoms 'n dubbelstam in 'n effens "Windswept" styl.

Regs: Die dubbelstam in 'n effens "Windswept" styl.

Vervolg op bl 13

Vergadering van 1 November 2014

The third tree Erika worked on had a beautiful thick trunk with beautiful movement. She said it was a cutting that she grew in the garden for a couple of years. She kept it short (in a bush) by cutting all the elongated growth off with a lopper every year. Erika removed nearly all branches and kept only the main branches which will become the frame of the tree. She also left an apex branch. This branch will be left to grow strong, then cut back, then grow strong then cut back etc until it is to her satisfaction. ♣

Org het ook aan ’n Elm gewerk terwyl Erika haar demonstrasie gedoen het. Dit is ’n boom wat maar daar eenkant in die tuin gestaan het en nooit eintlik aandag gekry het nie. (Ons wat Org se tuin ken weet mos van daai bome) Foto’s onder van Org se Elm voor en gedurende stylering.

Climbers as bonsai —By Johan Els.

At the meeting of 10 May 2014 Johan Els gave a talk and demonstration on climbers suitable for bonsai. Due to space, all the information supplied by Johan on various climbers could not be published simultaneously. Herewith the fourth climber discussed by Johan, the Bougainvillea for your enjoyment.

BOUGAINVILLEA

Bougainvillea bonsai require the same general care instructions as the bougainvillea in its native vine form. Since the plant is of tropical, South American origin, it thrives in climates where the heat level is high, with temperatures at least at 60° Fahrenheit (15° Celsius) at night and reaching over 100° Fahrenheit (38° Celsius) in the daytime. Caring for bougainvillea bonsai typically wouldn't require much water, as the native vine itself is adapted to light rainfall patterns, but the weakness of the evergreen plant is its root system. Since roots on a bougainvillea tend to be thin and delicate, they can be even more fragile and dry out quickly for a bougainvillea bonsai that is potted in a small, confined space of a container. When they are placed indoors, proper care involves ensuring that they get at least five hours of direct sunlight each day, as the plant naturally grows near the equator where full sun is the norm.

Plant hardiness zones for the bougainvillea bonsai if it is kept outdoors range from level nine and up, with nine representing the southern border of the US, including Texas, Florida, and the coast of California around 20 degrees to 30 degrees latitude. In Europe, this equates to most of Greece and Italy, coastal regions of the UK, and the southern half of Spain, as well as farther south. If a bougainvillea bonsai is brought indoors during colder periods and especially during winter months, however, it can thrive in colder climates. Where the temperature drops below what is normal for the plant, it needs to be wintered over in a cool area with limited light such as a basement, like most bonsai require in order to survive year after year.

As a bonsai plant, the bougainvillea will flower most prominently as winter approaches and in the early spring. In climates where the bougainvillea bonsai must go dormant and die back in the winter, this flowering process may be interrupted. Flowering can be encouraged in this case by fertilizing it with a high-nitrogen fertilizer in the spring and limiting its exposure to daylight to no more than nine hours per day. As a common rule, bougainvillea require fertilizer that is concentrated with micronutrients like iron which strengthens the roots, but normal nitrogen concentrations should be low.

Many people wonder how to grow bougainvillea bonsai, as pruning and cutting back on bonsai in general can be traumatic for the plants and can, in some cases, kill them. The bougainvillea handles pruning well, however, and, as a branch experiences blooms that have faded, it should be cut back to encourage others to grow. Each branch cutting needs to be sealed properly to prevent rot from setting in and, if it does appear, then the entire branch should be removed.

There are several other considerations to keep in mind when caring for this species. Repotting of bougainvillea bonsai to encourage further growth is best done in spring and the roots should not be trimmed in the process if possible because the plant enjoys being root bound. Many types of pests can also plague the plant, chief among them being its susceptibility to fungus that grows in humid conditions and can attack the roots and kill the plant. The pH of the soil should also be slightly acidic to slightly basic at a level of 6.5 to 7.5, with regular fertilization regimes which can include phosphate to encourage blooming.

Continue on pg 15

Climbers as bonsai —By Johan Els.

The bougainvillea was first discovered by the French botanist Philibert Commercon in 1768. It has since become widespread in regions like the Philippines, and the US state of Hawaii. It can bloom in colours in the popular red-orange-yellow spectrum as well as violet and white.

Bonsai bougainvillea care is very basic. Lots of sun and not too much water.

Between watering's, allow the top of the soil to become **dry to the touch**.
If you water it as much as many other bonsai, you could have problems.
Any article on bougainvillea care needs to emphasize:
Soil should be coarse and fast draining, but still contain some organic matter.

If the style deserves a shallow container, this is a plant that does well in modest amounts of soil.
Root pruning every two-three years should be sufficient. Trim roots during the summer. (In the tropics, you may prune roots any time of year.)

"Bougie" Display Tip
Once your tree is potted, in full bloom and ready for display, **remove some of the remaining green leaves**. This will make the colour appear even more grand and bountiful.

Instructions on fertilizing this plant vary greatly.
However, most growers agree to avoid high nitrogen content (first number in the list of three).
Bonsai Bougainvillea prefer 'tight feet', almost root bound.
After blooming is a good time to hard prune and/or restyle.
Defoliate the leaves at least once a year in the spring or summer to encourage smaller leaves and additional branching.

Bougainvillea Propagation

Bougainvillea grow from *cuttings of any size!* (At the right time of year - nights must be warm.)
One of the most beautiful bonsai *Bougainvillea* I ever saw was about ten inches at the base and only 12-14 inches tall.

Continue on pg 16

Climbers as bonsai —By Johan Els.

I was shocked to learn *it was a **sawed off cutting** from an old plant being thrown out by a neighbour!*
See severe, but not dangerous, styling example at bottom of this page.

Bonsai Bougainvillea Care includes Very Few Pests

Indoors and out aphids on new growth may be a minor problem. When grown outdoors, bonsai bougainvillea care is almost pest free -- other than one caterpillar that can be annoying.

The “cabbage looper” is small, green, *active at night and a voracious feeder.*
It rolls itself in a leaf and/or chews them. To eliminate this critter use an insecticidal soap or a spray with pyrethrum.
Although not a plant pest, there is also a **dangerous --to humans -- pathogen** sometimes related to *Bougainvillea*.

Pruning and Styles

Because this plant has alternate leaves, it is a good subject for directional pruning.
Bonsai bougainvillea care includes frequent trimming. You may trim foliage any time of year. Be cautious not to trim off bracts when foliage begins to turn colour. (Watch for a rosy tinge to the leaves.)

What are Bracts?

"Bract - a leaf, often modified or reduced, which subtends a flower or inflorescence in its axil." -- "**Flowering Trees of the World**" - Editor: V. H. Heywood

Continue on pg 17

Climbers as bonsai —By Johan Els.

Yes, **a bract is a leaf**.

Bougainvillea bonsai are a good example of just how conspicuously colourful these “leaves” can be!

In reality, *Bougainvillea* bonsai have no flower **petals**.

Look closely at what you may have thought to be the flower; you will see where the coloured bracts surround the **tubular flowers**.

(Poinsettia and dogwood are two other examples of plants with bracts.)

When styling a bonsai *Bougainvillea*, keep in mind all the exciting colour it will eventually provide. Form pads, canopies or long sweeping limbs to create special areas of fullness to allow this display.
All bonsai styles and sizes including shohin are possible with this exotic flowering bonsai subject.

Fast growing, abundant blooms, loves heat, tolerates cool, easy bonsai bougainvillea care, alternate leaves - what more could you ask for, in a tropical bonsai?

This scraggly bougainvillea plant was found in a South Florida landscape nursery.

It was used in a bonsai demonstration in Ft. Myers, Florida.

It is not unusual to remove many or all old branches in the beginning.

Don't be afraid to cut.

Continue on pg 18

Climbers as bonsai —By Johan Els.

To a novice the initial results may seem a bit scary.

Flexible young branches will allow many new possibilities during the initial bonsai training process.

This is a "no fear" bonsai subject. Creating a good skeleton is what it's all about.

In the long term, this stump will be a magnificent bonsai tree. ♣

BRAT vergadering van 29 November 2014

Verslag deur Esther van Aarde

Op Saterdag 29 November 2014 het die Eastern Bonsai Society (EBS) die laaste BRAT byeenkoms van 2014 aangebied. Met die tema "Ontwerp Bonsai" het dit belowe om 'n baie interessante dag te wees en dit was ook inderdaad so. 22 Lede van die Pretoria Bonsai Kai het die geleentheid bygewoon. Na die gebruiklike ontvangs met heerlike verversings, koffie en tee, is die vergadering deur Errol Rubin, die voorsitter van EBS ge-open. Org het as voorsitter van BRAT die lede welkom geheet. Die praatjies is afgeskop deur ons eie Francois van As wat sy baie interessante lesing, naamlik die ontwerp van bonsai deur middel van prente en sketse gelewer het. Ek is seker baie bonsai geesdriftiges gaan in die toekoms hierdie metode gebruik.

Johan Espach van Midway Bonsai se praatjie was getitel "Art principles in bonsai". Een van sy pragtige gesegdes was: "Art enables us to find ourselves and to loose ourselves at the same time", asook "Art is to create order out of chaos". Nouja, party van ons bevind ons nog in die chaos-gedeelte.

'n Ou bekende aan ons, naamlik Erika Köhler, het weer haar uitmuntende vermoë om 'n seikei/woud te skep, met ons gedeel. Erika sê: die pad wanneer hierdie styl geskep word, begin by klippe. Klippe moet dieselfde lyk, groot klippe voor en kleiner klippe agtertoe. Wanneer Erika begin werk, val alles in elk geval net in plek. Sy het 'n hele versameling klippe saamgebring om haar praatjie mee te belig.

Na 'n heerlike middagete is die lesings voortgesit deur Kathy Steyn van Far West Bonsai. Sy het verduidelik hoe kerfwerk inpas by bonsai-ontwerp. Met so 'n meester aan die woord, kon almal net in verwondering na haar bome, wat sy as voorbeelde saamgebring het, kyk. Dit lyk vir my, behalwe die regte apparaat, die regte bonsai materiaal en hope geduld, moet 'n mens ook sterk arms hê. Hierdie tegniek verg sowaar murg in die pype. Kathy sê: kerfwerk beklemtoon sommige dele, dit verbloem minder goeie dele en dit verleen beweging aan 'n boom.

Wat sal 'n byeenkoms sonder Hannes Fritz wees? Hy het uiteengesit hoekom bonsais herontwerp moet word. Dit kom basies daarop neer dat dit noodsaaklik word om te herontwerp wanneer die boom nie meer vir sy eienaar mooi lyk nie, te groot geword het, of bloot net vra vir 'n ander styl.

Daar was ook pragtige bonsais ten toon gestel en lede kon stem vir 'n aantal kategorieë. Dit was voorwaar 'n moeilike taak, want al die bome was wenners! En so het 'n baie genotvolle, leersame dag ten einde geloop. ♣

Vergadering van 6 Desember 2014

Verslag deur Esther van Aarde en foto's deur Louis van Wyk.

Die Pretoria Bonsai Kai se jaarlikse bedrywighede is op Saterdag 6 Desember met 'n heerlike bring-en-braai afgesluit. Baie lede het opgedaag, die reën het weggebly en so kon ons gesellig om die braaivleis-vure kuier. Die dames het weereens gewys watter uitstekende kokke hulle is!

Vergun my asb die geleentheid om aan ons geliefde voorsitter, Org, baie dankie te sê vir die wyse waarop hy die klub die afgelope jaar gelei het. Ons weet, of miskien weet ons nie aldag nie, hoe baie hy insit om die Pretoria Bonsai Kai so 'n groot sukses te maak. Hierdie afgelope Saterdag se braaivleisfunk-sie was weer 'n bewys daarvan. Baie dankie, Org. Ons waardeer jou harde werk en is trots om lede van die Pretoria Bonsai Kai te wees.

Groete, Esther.

Vervolg op bl 21

Vergadering van 6 Desember 2014

Snippets

Our Environment.

Don't throw away your kitchen scraps.

Compost is, basically, decayed or decaying organic material that is used to feed and fertilize plant matter in the garden. Using the natural waste that comes out of your home (particularly the kitchen) will ensure that your compost is healthy and rich in the healthful microorganisms that are so essential in your garden. Of course, compostable items must be biodegradable and must contain healthful nutrients to qualify. The most common and beneficial compostable items from your kitchen are:

Vegetable and fruit peels, cores and pips – instead of tossing the inedible parts of your fruit and vegetables, throw them into the compost.

Shells – grind the shells of mussels, oysters, crayfish, eggs etc…for your compost heap. These are rich in nutrients that will feed and nourish your garden.

You can also use Newspapers – a small amount of newspaper will provide carbon and rots fairly easily. Shred the newspaper before adding it to your compost.

Inspirasie uit die natuur

Die Besem styl word algemeen in bon-sai gebruik. Alleenstaande bome in die veld is dikwels 'n goeie aanduiding van hoe 'n spesifieke boom se natuurlike groeiwyse is.

Hierdie Maroela is afgeneem in die Thabazimbi distrik en is 'n mooi voor-beeld van 'n natuurlike Besem styl.

Bonsai Kalender — Deur Dr Francois van As

Wat doen ons in Januarie en Februarie?

Dit is nou middel-somer met warm sonnige dae wat maklik jou bonsai kan uitdroog. Dit mag dus nodig wees om tweemaal per dag water te gee, veral by kleiner bonsai. Al die watergee gaan die voedingstowwe laat uitloog en dit is belangrik om dit terug te plaas. Vloeibare voedingstowwe kan ‘n goeie idee wees. Die toediening van bemesting kan teen Februarie verminder word aangesien dit nie meer nodig is om groei aan te moedig nie.



In ekstreme son moet die meer sensitiewe bome beskerm word teen die skroei van blare. Skuif hierdie bome na meer skaduryke areas. Hou aan om lang lote te snoei. Bome wat hard te-ruggesnoei word moet ook in ‘n skaduryke area geplaas word. Nuwe bedrading kan egter nog steeds gedoen word maar wees bedag daarop om nie onverharde hout te beskadig deur die bas en kambium af te skraap nie. Die draad kan ook maklik insny aangesien die bome steeds verdik. Ontblaring van bladwisselende bome kan gedurende die periode gedoen word. Dit sal ‘n tweede groeifase vir die boom inlei wat die verkleining van die blare sal beteken en vertakking sal verbeter.

Hou maar ‘n oog op peste soos plantluise en ruspes wat nou aktief is en behandel vroegtydig. In droë weersomstandighede kan die loof van bome wat onder rooispinnekop deurloop ook natgemaak word. Dit is ‘n effektiewe manier om van die pestelensies ontslae te raak.

Bonsai-groete

Francois van As

The individual opinions expressed in this issue are not necessarily those of the Pretoria Bonsai Kai.